**IN DIE HOË HOF VAN SUID-AFRIKA**

**(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)**

SAAKNOMMER A333/10

DATUM 27 AUGUSTUS 2010

**H SIKANE** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**UITSPRAAK**

**VELDHUIZEN, R:**

Die appellant is in die landdros skuldig bevind aan die misdaad van huisbraak met die opset om te steel en diefstal deurdat hy op 11 November 2008 by die woning van die klaagster ingebreek het en R120 kontant sowel as 'n selfoon gesteel het. Hy is 'n vonnis van drie jaar gevangenisstraf opgelê. Hierdie appèl is teen die vonnis gemik.

Die appellant is 'n getroude man met twee kinders en hy lei 'n sukkelbestaan. Hy werk as tuinier en verdien tussen R100 en R120 per week. Die appellant het die huis van die klaagster

binnegegaan deur 'n oop deur wat ook 'n veiligheidshek gehad het. Die appellant het die veiligheidshek, wat nie gesluit was nie, verder oopgestoot en sodoende toegang tot die huis verkry.

Die appellant se vorige veroordelings toon dat hy op 31 Julie 2000 skuldig bevind is aan ontsnapping en tot ses maande gevangenisstraf gevonnis is. Op 29 Junie 2001 het hy homself tien maande gevangenisstraf wat voorwaardelik vir vyf jaar opgeskort is op die hals gehaal vir die misdaad huisbraak met die opset om te betree.

Die appellant se twee vorige oortredings is nie net relatief oud nie, maar is ook nie juis van toepassing wanneer die vonnis vir die onderhawige misdaad oorweeg word nie.

Wat die misdaad self betref, het die klaagster blykbaar haar eiendom, kort nadat die misdaad gepleeg is, teruggekry. Die huisbraak self, kom my voor, van 'n tegniese aard te wees in die sin dat die appellant slegs die veiligheidshek wyer oopgemaak het en niks gebreek het nie. Al hierdie omstandighede in ag genome, meen ek dat die Verhoorhof die erns van die misdaad oorbeklemtoon het. Die vonnis as sulks kon my ook as buitensporig swaar voor.

In die omstandighede word die appèl gehandhaaf, die appellant se skuldigbevinding bekragtig maar die vonnis tersyde gestel en vervang met die volgende vonnis:

> <u>AGTIEN (18) MAANDE GEVANGENISSTRAF</u> waarvan nege (9) maande opgeskort word vir vyf (5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan die misdaad huisbraak met die opset om te steel en diefstal of diefstal nie, gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie.

---------------------------------

VELDHUIZEN, R

<u>BLOMMAERT, WnR</u>: Ek stem saam.

---------------------------------

BLOMMAERT, WnR